

Donderdag 25 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:6-14

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:21;
Heidelbergse Kategismus 34:94**

“Bly weg van die afgode af”

Die sondeval kan as die begin van alle afgodery gesien word. Van daardie oomblik af het Satan ook in die gewaad van afgode die mens van God af probeer wegtrek. Hy het hom veral op die verleiding van die gelowiges toegespits. So wou hy die koninkryk van God vernietig en homself as die heerser oor alles daarstel.

Omdat dit iets is wat God ter wille van die eer van sy Naam nie sou toelaat nie, is dit vanselfsprekend dat die pogings van Satan sou uitloop op onontwykbare konfrontasies tussen die ryk van die lig (God) en die ryk van die duisternis (Satan). Om in hierdie kon-frontasies as kind van God staande te bly, was en is daar in hoofsaak net twee moont-likhede. Die eerste is om met alle mag teen Satan en sy aanhangers te stry met die hulp en bystand van die Here. Die tweede is om so ver as moontlik van Satan en sy afgodiese aanhangers af weg te vlug (Op. 12:13-17).

In die Skrif is daar verskeie voorbeelde van situasies waar konfrontasie tussen God en Satan op 'n heftige stryd uitgeloop het. Een van die duidelikste voorbeelde is die botsing tussen Elia en die profete van Baäl (1 Kon. 18). Met die besondere hulp en bystand van die Here het Elia 'n klinkende oorwinning oor die aanhangers van die afgod Baäl behaal. Tog was die resultaat van die oorwinning oor Baäl dat Elia moes vlug vir sy lewe, aange-sien Isebel hom sou doodmaak (1 Kor. 19). Juis die vyandige houding teenoor Elia toon dat openlike stryd teen afgodery nie sonder gevaar is nie, want Satan sal alles in sy ver-moë doen om sy mag oor mense te kan behou.

In die lig hiervan is dit opvallend dat, hoewel die openlike stryd teen afgodery in die Nuwe Testament nie ontbreek nie (vgl. Hand. 14, 16), nadruk daarop gelê word dat die gelowiges eerder vir die afgodery moet vlug. So skryf Paulus aan die Korintiërs: “Daarom, my geliefdes, vlug vir die afgodediens” (1 Kor. 10:14, 1053-vertaling). Hulle moet toesien dat hulle op geen wyse daarby betrek word nie (1 Kor. 10:7). En Johannes sluit sy eerste brief op 'n aangrypende wyse af deur aan sy lesers te sê: “Liewe kinders, bly weg van die afgode af” (1 Joh. 5:21).

Hieruit is dit duidelik dat, in die besef van die gevaar wat afgodery vir die mens en spesifiek vir die gelowige kan hê, hulle gedetermineerd daarvan moet wegbly sodat hulle op geen wyse daardeur beïnvloed kan word nie. Dit is wat Christus ook van die kerk in Tiatira geëis het (Op. 2:24). Hierdie opdrag aan die gelowiges om afgode te vermy, hou nie net in dat hulle afgodiese byeenkomste nie mag bywoon nie (1 Kor. 10:7), maar ook dat hulle, sover dit moontlik is, alle kontak met persone wat afgodedienaars is, moet vermy (2 Joh.:10).